NWU®

# Friday Feel-Good News
# Faculty of Education

16 October 2020

## Edu-HRight webinar

This article-writing retreat took place from 30 September to 2 October and was presented by Prof Hannes van der Walt. Edu-HRight members who attended this webinar included Prof Johan Botha,- unit director and exco member (acting), Prof Erika Serfontein, Dr Louw de Beer (subarea leader: comparative international perspectives), Dr Corlia Twine, Dr Kgale Mampane and Dr Shantha Naidoo (acting subarea leader: bio-psychosocial perspectives). The webinar enriched the attendees and they were empowered and motivated to advance their scholarly writings.




## Edu-HRight webinaar

Hierdie artikelskryf-sessie het van 30 September tot 2 Oktober plaasgevind en is deur prof Hannes van der Walt aangebied. Onder die Edu-HRight-lede wat hierdie webinaar bygewoon het, was prof Johan Botha, eenheiddirekteur en lid van die exco (waarnemend), prof Erika Serfontein, dr Louw de Beer (subarealeier : vergelykende internasionale perspektiewe), dr Corlia Twine, dr Kgale Mampane en Dr Shantha Naidoo (waarnemende subarealeier: biopsigososiale perspektiewe). Die webinaar het die deelnemers verryk en hulle is bemagtig en gemotiveerd om hul vakkundige skryfwerk te bevorder.

# EXPLORING ACTION RESEARCH: COMBER YouTube channel

The community-based teaching and learning strand of COMBER is very excited to share the launch of the COMBER YouTube channel!

Prof Lesley Wood, research director of COMBER, has created some videos that explore the basic concepts and methodology of the various forms of action research. These videos have already been watched by local as well as international scholars in action research and we are excited about new videos that will be added soon.

We would like to extend an invitation to all colleagues to visit and subscribe to this channel and to share the link with postgraduate students and networks. The aim of this channel is not only to provide valuable resources to postgraduate students and emerging researchers, but also to promote collaboration within a larger community of practice where university-community and interuniversity partnerships doing community-based research can be promoted.

The channel can be accessed by typing "Exploring Action Research" in the search tab in YouTube or using the following link: https://www.youtube.com/channel/UCzkTjD8H1gJ6bjGL1KupqWA/.




# VERKEN AKSIENAVORSING: COMBER-YouTube-kanaal

Die gemeenskapsgebaseerde onderrig- en leerstring van COMBER is baie opgewonde om die bekendstelling van die COMBER-YouTube-kanaal te deel!

Prof Lesley Wood, navorsingsdirekteur van COMBER, het 'n paar video's geskep wat die basiese konsepte en metodologie van die verskillende vorme van aksienavorsing ondersoek. Plaaslike sowel as internasionale akademici in aksienavorsing het reeds na hierdie video's gekyk en ons is opgewonde oor nuwe video's wat binnekort bygevoeg sal word.

Ons wil graag alle kollegas uitnooi om hierdie kanaal te besoek en in te teken en die skakel met nagraadse studente en netwerke te deel. Die doel van hierdie kanaal is nie net om waardevolle hulpbronne aan nagraadse studente en opkomende navorsers te verskaf nie, maar ook om samewerking te bevorder binne 'n groter praktykgemeenskap waar universiteit-gemeenskap- en interuniversitêre vennootskappe wat gemeenskapsgebaseerde navorsing doen, bevorder kan word.

Verkry toegang tot die kanaal deur "Exploring Action Research" in die soekblad op YouTube in te tik, of gebruik die volgende skakel: https://www.youtube.com/channel/UCzkTjD8H1gJ6bjGL1KupqWA/.

# Happy Boss Day to our Executive Dean: Prof Lloyd Conley




# Exciting news: The Research Unit: Self-Directed Learning (SDL) is now on Facebook

The Research Unit: Self-Directed Learning (SDL) is excited to announce that we now have a social media footprint on Facebook, with future plans to share all SDL-related media. These include exciting new research projects, achievements in the unit and general information relating to SDL, and to keep members informed of the happenings of the entity. Search for the page on Facebook and like us in order to join this growing community of practice! We look forward to engaging with you.

***Click on the Facebook link below:***

***https://www.facebook.com/Research-Unit-Self-Directed-Learning-NWU-106157427889166***

# Opwindende nuus: Die Navorsingseenheid: Selfgerigte Leer (SGL) is nou op Facebook

Die Navorsingseenheid: Selfgerigte Leer (SGL) is opgewonde om aan te kondig dat ons nou 'n sosialemedia-voetspoor op Facebook het, met toekomsplanne om alle SGL-verwante media te deel. Dit sluit in opwindende nuwe navorsingsprojekte, prestasies binne die eenheid en algemene inligting met betrekking tot die SGL, en om lede ingelig te hou oor wat in die entiteit gebeur. Julle kan gerus die blad op Facebook soek en ons daarop volg om by hierdie groeiende gemeenskap van die praktyk aan te sluit! Ons sien uit na elkeen se ondersteuning en betrokkenheid.

## Prof Iman Chahine facilitated an SDL discourse on research design

On Thursday, 8 October 2020 Prof Iman Chahine, an extraordinary professor in the Research Unit: Self-Directed Learning, facilitated an SDL discourse on research design. Prof Chahine is a researcher associated with the University of Massachusetts-Lowell, and, as part of a Fulbright scholarship, spent the first semester of 2020 at the North-West University, where she participated in SDL research. Professor Chahine is a leading ethno-mathematician, and a strong focus of her work is on how people at all levels of society (especially street vendors) learn mathematical concepts as self-directed learners. She therefore facilitated a lively discourse on research design in an SDL context, in which 35 SDL researchers participated. This particular discourse built upon a September discourse on the use of Cultural-Historical Activity Theory (CHAT) as a research lens in SDL research that was facilitated by Prof Elsa Mentz and Prof Josef de Beer. This series of virtual SDL discourses has proven to be very successful in the current Covid-19 era, as it provides researchers with an opportunity to engage, and to still experience a sense of belonging, despite the physical isolation created by the Covid-19 lockdown regulations.




## Prof Iman Chahine fasiliteer 'n SDL-diskoers oor navorsingsontwerp

Op Donderdag 8 Oktober 2020 het prof Iman Chahine, 'n buitengewone professor in die Navorsingseenheid: Selfgerigte Leer, 'n SGL-diskoers gelei wat oor navorsingsontwerp gehandel het. Prof Chahine is 'n navorser van die Universiteit van Massachusetts-Lowell, en sy het die eerste semester van die jaar as deel van 'n Fulbright-beurs by die Noordwes Universiteit deurgebring. In dié tydperk het sy navorsing oor selfgerigte leer gedoen. Prof Chahine is 'n toonaangewende etno-wiskundige, en een fokus van haar werk is om te kyk na hoe mense op verskeie vlakke van die samelewing, onder andere straathandelaars (verkopers), as selfgerigte leerders wiskundekonsepte verwerf. Sy het 'n aktiewe diskoers oor navorsing in 'n SGL-konteks gefasiliteer, waaraan 35 SGL-navorsers deelgeneem het. Hierdie diskoers volg op die September-diskoers wat deur prof Elsa Mentz en prof Josef de Beer aangebied is, en wat oor die gebruik van Kultuurhistoriese Aktiwiteitsteorie in SGL-navorsing gehandel het. Dit blyk dat hierdie reeks virtuele diskoerse van SDL baie suksesvol is in die huidige Covid-19-tydperk omdat dit aan navorsers die geleentheid bied om oor navorsingsake te gesels, en om 'n samehorigheidsgevoel te beleef ten spyte van die fisiese isolasie wat deur die Covid-19-inperkingsregulasies geskep word.



# Congratulations

*to everyone celebrating their birthday this month.*

OCTOBER 2020

| S | M | T | W | TH | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

• FRIDAY FEEL-GOOD NEWS •

## GUIDELINES

- Snippets should be sent as an attachment in a **Word document**.
- Snippets should be approximately **50–200** words (per language).
- Snippets must be in both **English and Afrikaans** – we all use different abbreviations and names, so the correct terminology must be provided in both languages.
- Please **include a title** for your snippet.
- Related **photo/s must be provided** along with each snippet:
  - **Sent as an attachment**
  - **In .png or .jpeg format**
  - **Minimum one** photo and a **maximum of eight** photos
- Submit snippets before 12:00 every Wednesday.
- Email snippets to **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

For more information, contact Aloreece Johnson on X285 2722.

## RIGLYNE

- Brokkies moet as 'n **aanhangsel in 'n Word-dokument** gestuur word.
- Brokkies moet ongeveer **50–200** woorde (per taal) bevat.
- Brokkies moet in beide **Engels en Afrikaans** wees – ons gebruik almal verskillende afkortings en benamings, dus moet die korrekte terminologie in albei tale verskaf word.
- **Sluit 'n titel** vir u brokkie in.
- Gepaste **foto's moet saam met elke brokkie voorsien** word:
  - **Gestuur as 'n aanhangsel**
  - **In png- of jpeg-formaat**
  - **Minimum van een** foto en 'n **maksimum van agt** foto's
- Dien brokkies elke Woensdag voor 12:00 in.
- E-pos brokkies aan **Aloreece.Johnson@nwu.ac.za**.

Vir meer inligting, kontak Aloreece Johnson by X285 2722.